Dear friends and family

We want to wish everyone a happy and prosperous new year and our wish is that 2012 would be so much better than 2011 for all of you. We know the world economy is not doing so well at the moment but just remember what God says in the gospel of St.Matt. 6:33 in the Bible.
Zambia is beautiful and green and we are getting good rains at the moment.

**Personal and projects**

All the schools in Zambia started this week and it was quite an effort to get all the children to where they should be. Fortunately we had Cholwe and Coster, who both finished school last year, to help us with the mad rush and all of the 42 children are now back at school. We even managed to get places at boarding schools for all the older ones except for one who has to repeat his school year so that he would hopefully get better results next year for acceptance to boarding school. The problem is the demand for boarding is so high and the boarding schools are few and far between, and only children with really good averages get accepted.

Two of our older children have now completed their college diplomas. Doreen Kamwenga is now 'n qualified preschool teacher and Lido Samba, is completing the practical part to become a staff nurse. Doreen had lost the sight in one eye in a freak accident when she was much younger and as a result of that the eye now has a greyish appearance, which is very obvious. The aim is now to try and get an appointment for Doreen with an eye specialist in South Africa, to see whether an artificial eye would be an option. A specialist in Pretoria, Dr Harold König, was so kind to agree to have a look into the different options for Doreen.

Below on the right is a picture of the small shop the children erected while we were away with proceeds from their little shop. Lourie is pictured with Mordecai and Cholwe, who is the oldest child at 21 years of age, and his birthday is next week.
On the next picture we are enjoying our Christmas meal together and we want to thank the Ashford home group

OM Zambia
Kanjanji Orphan Project
His heart, His hands, His little children

**No. 69 – 17 January 2012**



*Doreen has qualified*



*Lourie with Mordie and Cholwe*

Liewe vriende en familie,

Sjoe, die jaar het so vinnig begin dat ons nie kan byhou nie! Ons wil darem net eers vir julle almal 'n geseënde en voorspoedige 2012 toewens! Ons weet die ekonomie knyp, maar onthou asseblief God se woorde in Mat 6:33!
Zambië is pragtig groen en hoewel sommige plekke droogte ondervind, het ons bo-gemiddelde rëenval gehad.

**Persoonlik en projekte**

Die skole het hierdie week begin en dit was 'n geskarrel van 'n ander wêreld om almal geholpe te kry. Met die hulp van die groter kinders, Coster en Cholwe, het ons nou elkeen van die 42 kinders waar hulle moet wees! Al die groter kinders is nou in kosskole en daar is slegs een van die kinders vir wie ons nie 'n plekkie kon kry nie, maar het die knapie oortuig om die jaar te herhaal sodat hy volgende jaar, hopelik met beter punte, toelating in die kossskool kan kry. Daar is min kosskole in die omgewing en omdat die aanvraag so groot is word net die kinders met regtig goeie gemiddeldes gekies.

Twee van ons oudste kinders het gegradueer en Doreen Kamwenga is nou 'n voorskoolse onderwyseres en Lido Samba voltooi nou haar prakties in verpleging. Doreen het as kind die sig in een oog verloor in 'n fratsongeluk en as gevolg daarvan het sy nou so 'n vaal ou ogie wat baie opsigtelik is. Ons gaan probeer om vir Doreen by 'n oogspesialis te kry om te hoor wat die kanse is op 'n mooi nuwe kunsogie. My oorarts in Pretoria, Dr Harold König, het goedgunstiglik aangebied om Doreen te ondersoek en na die moontlikheid te kyk.

Links onder is die winkeltjie wat die kinders gebou het om ekstra geld mee in te vorder, en hulle het dit met die winste van die winkeltjie gedoen (natuurlik met die hulp van die pastoor – wat die bouwerk behartig het). Lourie staan saam met Mordecai en ons oudste kind, Cholwe, wat volgende week 21 word.

who was so kind to contribute financially towards the meal. Past Siteleka from our local church, and his wife Isobel, also joined us for the meal. There was even enough money left over to buy every older child a pair of "jean pants", as they call it over here. We are working together with past. Siteleka and his church, and our aim is to try and improve the Sunday school teachings at the church and to help mobilize people for prison- and hospital ministry.

We would be leaving for Kabwe, north of Lusaka, for a few days in the near future, to take four more children to attend the OM Discipleship training. They would be accommodated at the base like before and this would be the third group of people going for discipleship. We want to thank everyone who has made it possible for us to send these children so that the good news of Jesus Christ could be spread throughout the world and change so many people's lives.

**Prayer requests**

- We are praying for many blessings in 2012 for all our supporters.
- Please keep praying for good health as malaria is just part of life in Zambia.
- Please pray for the children going for discipleship training, that their hearts would be open and accepting.
- Please pray for the OM leaders, Coen and Suria, they are doing the Mount Kilimanjaro Freedom Climb to raise more awareness against human trafficking.
- We thank God for your support and for the children's lives being blessed through your support and involvement.

Greetings and blessings till next time.

**Lourie & Gisela Ferreira**

childrensvillage@kanjanji.com / www.kanjanji.com

PO Box 630677, Choma, ZAMBIA





*Kelvin, Zulu and Austern with me*

Onder is ons besig om ons kersete saam te geniet en baie dankie aan die Ashford selgroep wat geld bewillig het vir ons kersete! Die pastoor van ons plaaslike kerkie, past Siteleka en sy vrou, Isobel, het ook kom deel in die lekker eet. Daar was selfs genoeg geld oor om vir elke groot kind 'n nuwe paar "jean-pants" (soos hulle dit noem) te koop. Ons werk in noue kontak met past. Siteleka en begin hierdie jaar met sondagskoolonderrig by sy kerk, asook tronk- en hospitaalbediening.

Ons vertrek eersdaags Kabwe toe om 4 van die groter kinders te neem vir die OM dissipelskap. Hulle sal op die basis tuisgaan, soos voorheen. Dit sal die derde groep dissipels wees wat deur die projek ondersteun word. Baie dankie aan almal van julle wat dit moontlik maak om die Woord ook op so 'n manier uit te dra en 'n verskil aan baie lewens te maak.

**Gebedsversoeke**

- Ons bid saam vir 2012! Mag dit 'n wonderlike geseënde jaar wees.
- Bid asseblief vir ons en die kinders se gesondheid, want malaria is maar deel van die lewe in Zambië
- Bid asb saam vir die kinders wat op dissipelskap gaan, dat hul harte sal oop en ontvanklik wees.
- Bid asb saam vir ons leiers – Coen en Suria, wat op die Freedom Climb na Kilimanjaro gaan om groter bewustheid oor "human trafficking" te bring.
- Ons sê saam dankie aan ons God vir al die seën wat die kinders deur julle ontvang.

Groete en sëen tot volgende keer.

**Lourie & Gisela Ferreira**

childrensvillage@kanjanji.com / www.kanjanji.com

Posbus 630677, Choma, ZAMBIë

Kanjanji
Orphan Project